


ARTKAT Studio

Johanna Prinsloo

Julie / Augustus 2008

Uitgawe 4 van 2008



Goeiedag al die Artkat studente en vriende

Een van my studente het haar twee seuntjies saam klas toe gebring tydens die skoolvakansie. Net om te hoor, vra ek vir hulle wat hul gunsteling kleure is en ook watter kleur ek vir hulle verteenwoordig. "Bruin, Tannie!" het die een geantwoord. Na klas toe die nuutste nuusbrief op die rekenaar lê is dit dan ook die kleur wat Marie voorstel vir die maand. Ons twee besluit nie vooraf watter kleur die maand sal wees nie en elke keer is die kleur waarop ons besluit dan ook die ander se keuse. Dus Artkatte hierdie maand is die maand om ons lekker warm te maak met al die skakerings van bruin. Daar is rooierige bruine, blougerige bruine en gelerige bruine. Al die spektrum kleure saam vermeng met n oorwegende neiging na een van die primêre kleure. Wat n kleurvolle gebeurtenis. Soos wat die lente naderskuif sal ons weer die helder malse geel-groene sien uitloop maar tot dan geniet ons die kantpatrone van die bome en plante in al hulle skakerings.

Ons projek vir die volgende maand is dieselfde as die Centurion Kuns Vereniging projek sodat studente die geleentheid het om ook hulle werke daar uit te stal. Die tema is "Grense" Dit dek n wye veld en kan van konseptueel tot grafies illustratief wees. Kom wees gemotiveerd en neem soveel as moontlik deel. Die werke moet net voor die einde van Augustus klaar wees.

Marie Reeler, Sanra van Zyl en Linda Fourie het hierdie maand deelgeneem aan n groep uitstalling by die Centurion Kunsgalery en ek wil julle net geluk wens met die deelname daaraan. Laat hulle voorbeelde vir almal wees om aktief by die kunste betrokke te wees.

Die skool vakansie is nou verby en ek sien uit na al die opwindende nuwe werke van hierdie kwartaal.

Groetnis,

Johanna van ArtKat.

Colour of the Month : Brown

Brown says stability, reliability, and approachability. It is the colour of our earth and is associated with all things natural or organic.

How the colour brown effects us physically and mentally

- * Feeling of wholesomeness
- * Stability
- * Connection with the earth
- * Offers a sense orderliness

Jul / Aug 2008 Program

Maandag	15h45 – 17h15	Kinderklas
Woensdag	08h30 – 10h30	Jaarkursus
Woensdag	15h00 – 16h30	Kinderklas
Woensdag	18h30 – 20h30	Jaarkursus
Donderdag	08h30 – 10h30	Gevorderd
Donderdag	10h45 – 12h45	Eie projek
Saterdag	09h00 – 11h00	
Saterdag	11h00 – 13h00	

Veldsessie se datum sal in die maand vir 'n Saterdag geskeduleer word.

Klasgelyde:

Maandelikse tarief (vooruitbetaalbaar):

Enkelklas: R110 (maw R440 of R550 per maand)

Dubbelklas in die week R150 (R600 of R750 / m)

Dubbelklas Saterdag R220 (R880 of R1100 / m)

Soos altyd kan klasse gedurende die maand ingehaal word maar nie oorgedra word na die volgende maand nie bevestig net asb vooraf.

Betaling per klas:

Die reëling vir n enkel klas wat nie vooruitbetaal is nie sal die volgende wees: Skakel asb want jou plek is dan nie vooruit bespreek en verseker nie.

Enkelklas: R130 per klas

Dubbelklas in die week R200

Dubbelklas Saterdag R250

Klasse wat per klas betaal word gee die vryheid en vrymoedigheid om te kom wanneer dit jou pas.

Daar sal Dinsdae tyd wees vir privaat klasse en afspraak teen R100 n uur.




Een van ons projekte vir die volwassenes was om n kunswerk met tekstuur te maak. Die werke was baie interessant en suksesvol. Die bostaande landskap is eers voorberei met dun "tissue"papier en dan geverf in akriel.

If there is anyone that wishes to receive the newsletter electronically, please send an e-mail to me at johanna@artkat.co.za so that I can place your name on my distribution list.

Artkat Kinderklasse

Skaduwee portrette "Silhouette"

Skadu portrette het in die mid-agtiende eeu populariteit in die weste verkry nadat dit reeds gebruik was sedert die Neopolitiese grot tekeninge in Frankryk gedurende die vroegste tye. Dit was n goedkoop manier om portrette te doen en daar is ook n unieke "charm" aan dit. Die naam is oorspronklik gegee deur Ettienne de Silhouette wat hierdie gewilde kunsvorm beoefen het deur vryhand die portrette deur observasie te knip. Teen hierdie agtergrond het die kinderstudente dan van hulleself portrette uitgeknipt wat dan ook hul eie sjarme het.



Kinders se Georgio O'Keefe opdrag.

In die vorige nuusbrief het ons werke gemaak en as inspirasie die kunstenaar Georgio O,Keefe behandel. Die kinders het dieselfde opdrag gedoen en van syblomme afgewerk soos Georgio O,Keefe ook self gedoen het weens gebrek aan die ware blomme in die Texas waar sy gebly het. Afhangende van watter ouderdom die kind is was die opdrag dan aangepas.



Vadersdagkaartjies

Die Vadersdagkaartjies het die vorm van n collage aangeneem. n Foto van pappa is geneem en saam met al sy gunsteling objekte of dit nou kos of rekenaars is, is rondom hom geplak en dan gefotografeer en gedruk om dan in n kaartjie met venstertjies van hartjies en vensters te maak.



Ons Seisoenboom



Kunstenaar van die maand : Linda Fourie



Die estetiese is die dryfveer in my lewe. Ek is mal oor klassieke klavierklanke, mooi woorde, kuns en waardeer handwerk. Ek raak nogal gefrustreerd as alles om my lelik, vaal en stukkend is. Gauteng in die winter was vir my n aanpassing. Kreatiewe mense maak wonderlike vriende, omdat hulle fyn ingestel is op die mens en omgewing. So het ek n aantekening in my brein gemaak van Johanna toe ek haar n paar jaar gelede ontmoet het en geweet ek gaan nog by haar uitkom vir klasloop.

Na 'n loopbaan in die onderwys en private kinderkunsklasse, het ek besluit om alles te los en voltyds te skilder. Voltyds is n relatiewe begrip. Soms voel dit asof ek alles behalwe skilder. Dis moeilik om gefokus te bly wanneer n mens tuis is. Ek het egter gevind dat ek in harmonie met myself leef omdat ek doen wat ek nog altyd wou doen. Dis alles net te danke aan my ondersteunende man wat my toelaat om te wees wie ek is.

Linda wat is jou lewensleuse?

Elke bietjie help.

Wat sê jy vir die voornemende kunstenaar?

Moenie dat ander jou droom steel nie. Wees jouself en glo jy kan dit doen. Stel elke jaar vir jouself nuwe doelstellings op skrif en probeer om daarby te hou. Loop klas, woon werksinkels by, sluit aan by 'n kunsvereniging, stal uit saam met n groep en besoek alle tipes galerye. Leer by elkeen in jou klas.

Het jy 'n kunstenaar as rolmodel en hoekom?

Bettie Cilliers - Barnard. Sy het op negentig nog n eenmanuitstalling gehou. Dit gee 'n mens moed. As 'n mens se gesondheid hou, kan 'n mens nog vir baie jare skilder.

Wie en hoekom beskou jy as die belangrikste mentor in jou lewe?

Kassie van Noordwyk. Sy was daar soos 'n bestiering op die regte tyd in my lewe. Sy het in my geglo en toe begin ek in myself glo. Sy het my aangemoedig om aan groeputstallings deel te neem en uit my kassie te klim.

Watter blom is jou gunsteling blom en hoekom?

Die lelie. Dis net ongelooflik mooi!

Wat is jou gunsteling boek?

Die Kruisweg deur Roy Hession.

Wat is jou gunsteling lied?

Wind beneath my Wings deur Bette Midler.

En ten laaste as jy iets vir die Artkat studente wil sê wat sal dit wees?

Die konsep van joernaal hou van jou gedagtes, denk- en skeppende proses wat Johanna aanmoedig, is iets wat die Artkatstudente gerus ernstig kan toepas in hul kuns. Dit leer 'n mens om na binne te kyk en vrae te vra oor die wêreld en jouself. Dit dwing jou om eerlik te wees met jouself. Die eerlikheid gaan in jou kuns na vore kom en eers dan het jy iets om aan jou 'toeskouer' oor te dra. Dis lekker om klas te loop by Artkat en dis op die ou einde waarvoor alles gaan: genot. Daar was so baie wat ek by Johanna wou leer dat ek op 'n stadium twee klasse per week bygewoon het.



Veldsessie



Die oggend van ons Saterdag veldsessie by die Austin Roberts reservaat het baie bibberend begin. Na n dapper poging om onder die donker wolke n skets te probeer maak het n ligte reëntjie ons na die restaurant toe gedryf. Ons was gelukkig om n uitkyk plek by die restaurant te benut en het verder n suksesvolle oggend gehad soos wat die sketse self kan getuig.

April Mei Projek – Skilder 'n Blom van 'n werklike blom (nie 'n foto nie)



Junie Projek – Skilder 'n Landskap



Junie Projek – Tekstuur projek



Jaarkursus



Deel van die Jaarkursus is om na die werke van Paul Cézanne te kyk, hier sien ons 'n naskildering in die proses



Daar word baie hard gewerk in alle klasse en hier sien ons 'n voorbeeld in die kinderklasse.

"I cannot pretend to feel impartial about colours. I rejoice with the brilliant ones and am genuinely sorry for the poor browns."
Winston Churchill



Nog werke uit
die volwasse
klasse



Nog werke
uit die
kinderklasse

